

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 48: Shoftim – Regters

Jy moet regters en amptenare aanstel in al jou dorpe wat יהוה jou God, jou gee volgens jou stamme en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige oordeel. Deut. 16:18 – PWL¹

Torah : Deut. 16:18 tot 21:9.

Haftorah: Jes. 51:12 tot 52:12.

Nuwe Verbond: Matt. 18:15 tot 20; Joh. 8:17; Hand. 14:23; 1 Kor. 5:9 tot 13; 1 Kor. 6:1 tot 8; 2 Kor. 13:1; Titus 1:5; Ef. 2:22; 4:11; Heb. 10:28 tot 31.

Vorige notas vir Parashah 48 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

God's Torah is a thing of beauty, because it's an expression of who He is. – Izzy Avram

Torah illuminates pathways to increasing one's capacity to face challenges in life! – Anonymous.

Some people come into our life as a blessing, while others come into our life as a lesson, so love them for who they are instead of judging them for who they are not. – Yolanda Hadid.

We should be rigorous in judging ourselves and gracious in judging others. – John Wesley.

There is nothing more frightful than ignorance in action. – Johann Wolfgang von Goethe.

Ignorance never settles a question. – Benjamin D. Yisra'eli.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Die afgelope weke het ons geleer dat om יהוה se Woord te hoor (*sh'ma*), te bewaar (*sh'mar*) en te doen (*asah*), is om te kyk en daarop te let (*re-eh*) om die regte keuses te maak, sodat יהוה se seëninge ons sal agtervolg (*eikev*). Dit is om deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde van God lewe te kies en om te kies om יהוה se Torah van die nuwe verbond nougeset gehoorsaam te wees. Dan sal ons soos 'n regter kan optree wat beslissing maak en onpartydige uitsprake lewer wat Torahgefundeer is!

Ons moet egter verstaan dat wanneer יהוה-God ons die keuse gee tussen die seën (lewe) en die vloek (dood) (Deut. 11:26 tot 28), verwys Hy eerstens na die keuse van geestelike lewe!

Alleenlik wanneer ons die keuse maak van die geestelike lewe van wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een, en waar dit gepaardgaan met gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, en soos dit in die nuwe verbond uiteengesit word, sal dit in die fisiese realm manifesteer as oorfloed lewe van siel en liggaam. Dan sal die woorde van Yeshua in ons elkeen se lewe waar word toe Hy gesê het: “Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorfloed daar ook al vir hulle is” (Joh. 10:10b). Daarom het Yeshua vir Marta, die suster van El'azar gesê:

25“Ek is onveranderlik dieselfde, die Opstanding en die Lewe; wie in My vertrou, sal lewe al was hy ook dood

26 en elkeen wat lewe en in My vertrou, sal nooit sterf tot in ewigheid nie. Glo jy dit?”
Joh. 11:25-26.

Die naam El'azar beteken “hy vir wie God help”. Vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een is om uit die geestelike dood opgewek te word en gehoorsaamheid aan Torah is om deur יהוה-God gehelp te word!

Ons kies 'n lewe van vertroue in God en getrouheid aan God sodat ons werkers in יהוה se Koninkryk kan wees wat telkens die regte beslissings kan maak wat Torahgefundeer is!

Yahuah 'n God van Orde

Yisra'el as volk word nog altyd beskou as deel van יהוה se huis – 'n huis en huishouding waar God se huisreëls, naamlik Sy Torah streng van toepassing is. Mosheh was toevertrou met יהוה se huis onder die ou verbond en Yeshua is aangestel oor God se huis van die nuwe verbond. Daarom lees ons die volgende in Heb. 3:5-6:

5 Mosheh was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

6 maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou.

יהוה se huis en Yisra'el word ook God se vergadering (gemeente) genoem soos ondermeer in Ex. 12:6, Num. 14:5, Matt. 16:18, ens. bevestig word. God se huis (Yisra'el, vergadering) was onder die ou verbond, en is onder die nuwe verbond, elkeen wat Vader groep het en afgesonder het as Sy volk. Ons is deur die liggaam van Yeshua saamgevoeg tot een groot familie van Vader-God onder die nuwe verbond. Dit is die ware Yisra'el van die nuwe verbond! Sha'ul bevestig dit in Efes. 2:19-22 soos volg:

19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Maar יהוה-God duld nie wanorde in Sy huis nie, en daarom het Hy 'n regeringstruktuur onder die ou verbond gehad soos dit in die Torah van Mosheh uiteengesit word. 'n Regeringstruktuur vir 'n ordelike en voorspoedige samelewing waar יהוה in hulle midde sou kon woon! In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van hierdie regeringstruktuur.

Vir sowat 40 jaar het Yisra'el as 'n eenheid in die wildernis saam geleef, maar in die land Kanaän sou hulle as stamme elkeen op sy eie grondgebied gaan woon. Daarom was dit noodsaaklik dat יהוה 'n regeringstruktuur in plek moes stel sodat oor elke stam en oor elke individu afsonderlik volgens Torahbeginsels regverdig geregeer kon word.

Deur יהוה se regeringstruktuur sou Yisra'el steeds as eenheid volgens die Torah van Mosheh funksioneer. Hulle sou een in Torah wees, hoewel nie eenders nie. Die tabernakel, en uiteindelik die tempel, sou steeds die middelpunt van Yisra'el se geloofslewe, sowel as hul gemeenskapslewe wees.

In parashah *Shoftim*, verduidelik Mosheh die beginsels van die oppergesag, naamlik van die gesagstruktuur wat Yisra'el moes regeer. Hierdie gesagstruktuur moes uit regters (*shoftim*) en opsigters (amptenare; *shotrim*) in die poorte (stede) van elke stam bestaan. Die regters was diegene wat Torah moes ken om dit korrek te kan verklaar en te kan toepas sodat onpartydige uitspraak in sake gelewer kon word. Die opsigters (amptenare) moes toesien dat die beslising (uitsprake) van die regters uitgevoer word.

יהוה se regeringstruktuur het dus uit gekose leiers bestaan wat die volk moes dien deur toe te sien dat geregtigheid geskied en orde gehandhaaf word volgens die standaard en riglyne soos in die Torah van Mosheh uiteengesit word.

Maar 'n baie belangrike vraag is of hierdie regeringstruktuur volgens die Torah van Mosheh nog steeds in die nuwe verbond van toepassing is?! Het daar dus 'n verandering in die wet na Yeshua se folterdood en opstanding gekom? Die antwoord is "ja"! Wat dit behels is uiters belangrik vir elke gelowige van die nuwe verbond en sal daarom kortliks bespreek word.

Soos ek al voorheen gesê het, naamlik dat יהוה se Torah vir ewig dieselfde is, maar dat die toepassing en praktyk wel verander soos wat יהוה se herstelplan besig is om voltooi te word. Dit is in die lig hiervan wat ons moet kyk na יהוה se regeringstruktuur van die nuwe verbond.

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer ons die Torah, die eerste vyf boeke, en die Skrifte in geheel bestudeer, moet ons altyd onthou dat Yeshua dié Gesalfde Een die fokus van Torahstudie moet wees. Ons kan soveel klem op die Torah van Mosheh lê dat ons Yeshua van Torah mis, asook die feit dat Yeshua die einddoel van die Torah van Mosheh is (Rom. 10:4). Dan kan dit gebeur dat ons vreugde en dankbaarheid in die onverdiende guns van sondevergifnis in Yeshua verdwyn, asook vergeet dat ons die Afgesonderde Gees ontvang het as die Een wat ons leer en lei!

Yahuah se Regeringstruktuur

(Hersiening van 2017 se notas)

Dit is יהוה se wil dat Sy volk 'n regeringstruktuur in plek moet hê wat volgens Torah sal verseker dat alles welvoeglik en ordelik in die gemeente (samelewing) sal geskied. Hierdie regeringstruktuur moet volgens die beginsels van 'n teokrasie funksioneer. Dit beteken dat יהוה-God die Oppergesag en die Wetgewer is wat alles aan Yeshua, dié Gesalfde Een gedelegeer het.

²² Hy het alles onder Sy voete geplaas en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente,

²³ wat Sy liggaam is, aangestel; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak; Efes. 1:22-23.

Elke gelowige in Yeshua, staan dus onder die direkte gesag van Yeshua as die hoof van die Vader se huishouding.

Yeshua is ons Koning en ons Hoofpriester en Hy is deur יהוה aangestel in 'n huidige Hemelse Koninkryk wat aan die einde van die eeue op 'n nuwe hemel en aarde gevestig sal word! Huidig regeer Yeshua as Koning in ons harte – deur ons denke, wil en dade – en is ons medewerkers om die Koninkryk uit te brei!

Yeshua is ons Hoofpriester wat nie 'n fisiese aardse tempel benodig nie, want elke volgeling is 'n tempel waar Yeshua deur die Afgesonderde Gees in ons woon. Ons is as individue, en gesamentlik as gemeente, is יהוה se tempel.

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees. 2 Kor. 6:16.

Maar aan die einde van die eeue sal יהוה-God die tempel in die in die nuwe Jerusalem wees en Yeshua, die Lam, die Lig. Daarom skryf Johannes in Open. 21:22-23 die volgende:

²² en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel.

²³ Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp

Die Torah van Mosheh ten opsigte van 'n mens as koning en as hoofpriester het met die nuwe verbond tot 'n einde gekom, asook die noodsaaklikheid vir 'n tempel met 'n Levitiese priesterorde en die offerandes wat daarmee saamgaan.

¹¹ maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie.

¹² Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry. Heb. 9:11-12.

Opsommend sien ons as deel van die nuwe verbond dus reeds die volgende veranderinge aan die Torah van Mosheh:

- Eerstens, en baie belangrik, Yeshua is ons Ewige Koning (Matt. 2:2 en 6; Miga 5:1). Daar sal nie weer 'n mens as koning oor die hele huis van Yisra'el regeer nie!

- Tweedens is Yeshua ook Ewige Profeet wat uit die midde van Yisra'el opgewek is. Hiervan het Mosheh getuig (Deut. 18:15 tot 19) en in die nuwe verbond word dit bevestig (Joh. 4:19 en Joh. 6:14)
- Derdens is Yeshua ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek. Geen mens uit die nageslag van Aäron sal volgens die Levitiese priesterorde weer as hoofpriester aangestel word nie. Die Levitiese priesterorde is met die Malki-Tzedek priesterorde vervang! Tesame hiermee is alle offerandes volgens die Torah van Mosheh uitgedien en is 'n tempel dus nie meer nodig nie! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs bevestig hierdie verandering aan die Torah van Mosheh:

11 As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

12 Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

13 want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

14 want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

15 Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

16 Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

17 want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

18 want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,

19 want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Heb. 7:11-19

Mosheh as leier ("koning") van Yisra'el en as profeet was slegs 'n heenwysing – 'n skadubeeld – van Yeshua. So ook was Aharon as hoofpriester slegs 'n heenwysing na Yeshua as Ewige Hoofpriester.

Ons moet onthou dat die Torah van Mosheh het Yisra'el net in bewaring gehou tot die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Yeshua sou kom, naamlik die Torah van Yeshua van die nuwe verbond wat groter is as die Torah van Mosheh. (Gal. 3:24 en 25; 2 Kor. 3:7 tot 11). Die eer, lof en grootheid van die geskrewe wet, naamlik die Torah van Mosheh, het vergaan en is vervang met die alles oortreffende eer, lof en grootheid van die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!!

Daarom sê die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

Deurdadig sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging. Heb. 8:13.

Met die vernietiging van die tweede tempel in 70 nM het die ou bedeling dus vir ewig tot 'n einde gekom.

Nou is Yeshua as Koning, Profeet en Hoofpriester die “uitvoerende gesag” van יהוה se Koninkryk van die nuwe verbond, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua Die Gesalfde Een is, het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).

Maar hoe lyk die regeringstruktuur wat aan Yeshua as die “uitvoerende gesag” van יהוה verantwoord? Hoe verskil dit van die Torah van Mosheh?

Wanneer die apostel Petrus ons herinner dat ons ‘n gekose nasie is wat as priesters in die Koninkryk dien (1 Pet. 2:9) dan is dit met verwysing na die Koninkryk van Yeshua en die Malki-Tzedek priesterorde.

9Julle is ‘n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ‘n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,
10julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet 2:9-10.

Die Levitiese priesterorde het hulself ‘gediskwalifiseer’ toe hulle Yeshua as dié Gesalfde Een verwerp het. Op die wyse is die profesie in Ps. 118:22 en 23 vervul soos Yeshua dit ook bevestig het:

42 Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: ‘Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë?’
43 Deur dit sê Ek vir julle: ‘Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan ‘n volk gegee word wat vrugte sal dra
44 en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word’.” Matt. 21:42-44.

As gevolg hiervan het Rabbynse Judaïsme vandag geen tempel nie, want Yeshua dié Gesalfde Een het die Hoeksteen geword van ‘n lewende geestelike tempel – ‘n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה! Daarom verduidelik Sha’ul dit soos volg:

19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.
20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.
21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ‘n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה
22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ‘n blyplek van God in die Gees. Ef. 2:19 tot 22.

Ons is die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek wat in hierdie lewende geestelike tempel dien onder die Karakter en Outoriteit van Yeshua as ons Ewige Hoofpriester.

Yeshua is die lewende steen wat deur die mense (Rabbynse Judaïsme) wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is (1 Pet. 2:4). Daarom laat ons ons ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n afgesonderde priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Yeshua dié Gesalfde Een (1 Pet. 2:5).

Aangesien daar altyd ‘n priesterorde diens moet doen in יהוה se Koninkryk, en omrede die priesterorde van Malki-Tzedek nie ‘n fisiese tempel het nie, en ook nie die offers van die ou verbond bring nie, was dit noodsaaklik dat daar ‘n verandering in die toepassing van die wet moes kom (Heb. 7:12).

Hierdie verandering in Torah is nie 'n probleem nie, want hierdie Malki-Tzedek priesterorde is deel van יהוה se Torah. Daarom is die Torah in wese nie verander nie! Daar is steeds 'n priesterdom.

Aangesien die onderrig en instruksies vir die priesterorde van Malki-Tzedek verskil van die van die Levitiese orde, moet ons vra: Wat is die onderrig en instruksies (Torah) vir die Malki-Tzedekorde?

Eerstens het ons in Efes. 2:20 geles dat יהוה se Koninkryk van die nuwe verbond gebou word op die fondasie van die afgevaardigdes (apostels) en die profete, met Yeshua, dié Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou (Koninkryk).

Tweedens moet ons verstaan dat die studentevolgelinge van Yeshua 'n verenigde priesterorde moet vorm om die Hemelse Koninkryk van יהוה te verkondig en te vestig volgens die opdrag in Matt. 28:19-20.

Met bogenoemde in gedagte, gee Efes. 4:11-16 vir ons insae in die Torah vir die priesters (studentevolgelinge) van die Malki-Tzedekorde.

¹¹en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,

¹²om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dae in die bediening tot opbouing van die liggaam van dié Gesalfde Een

¹³totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van dié Gesalfde Een.

¹⁴Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, ¹⁵maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in dié Gesalfde Een, wat die Hoof is

¹⁶en vanuit Hom is die hele liggaam inmeekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word.

Volgens vers 11 is dit duidelik dat יהוה self hierdie verandering aan die Torah van Mosheh aangebring het, naamlik die vyf bedieninge *om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dae in die bediening tot opbouing van die liggaam van dié Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van dié Gesalfde Een.*

Die Vyfvoud Bediening (Efes. 4:11-14) is יהוה se regeringstruktuur van die nuwe verbond en die Gaves van die Afgesonderde Gees is die wyse wat die studentevolgelinge as priesters in die orde van Malki-Tzedek bemagtig word (1 Kor. 12:7 tot 11).

⁷maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.

⁸Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;

⁹aan 'n ander vertroue in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,

¹⁰ maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.

¹¹Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil.

Die priesters van die Malki-Tzedek het dus verskillende bedieninge. Daar is afgevaardigdes (apostels), profete, boodskappers van die goeie boodskap (evangeliste), herders en leermeesters (leraars). Elkeen word bemagtig vir dienswerk deur ondermeer die gawes van die Afgesonderde Gees.

Die een is egter nie belangriker as die ander nie en hulle moet mekaar voorgegaan in eer betoon. Maar daar was wel ‘n apostel wat die leier was soos ons sien in Hand. 15:1-22, veral verse 13 en 22; asook Hand. 21:8 waar ons sien dat Ya’acov erken was as die leier. Onthou: Volgens Torah is ‘n leier egter iemand wat ander dien, want Yeshua het gekom om te dien en nie gedien te word nie (Matt. 20:28).

Kortliks is die taakoms krywing van die vyfvoud bediening soos volg:

- Afgevaardigdes (apostels) is die leiers en hulle taak is om te organiseer en te koördineer, asook om uitspraak te lewer (beslissing te maak) aangaande Torah. Hulle moet deeglik in Torah onderrig wees en die stem van יהוה duidelik kan hoor! Apostels kan vergelyk word met die regters (die *shoftim*) soos יהוה Mosheh beveel het om aan te stel (Deut. 16:18). Die apostels moet onderling aan mekaar onderdanig wees. Die opsigters (*shotrim*) volgens Deut. 16:18 kan ook vergelyk word met die ouderlinge.
- Profete gee ondersteuning aan die apostels, maar waarsku, tugtig en bemoedig ook. Hulle moet die stem van יהוה duidelik kan ‘hoor’ en ook die stem van יהוה wees. Profete kan beskou word as die ‘kwaliteitskontrole’-bediening wat alles volgens יהוה se skietlood meet. Daarom is Profete en Apostels dikwels nie baie gewild nie, want deel van hulle taak is om te waarsku en te tugtig en om orde en dissipline te handhaaf.
- Boodskappers van die goeie boodskap (evangeliste) “werf” nuwe volgelingen. Hulle is die ‘mondstuk’ of sendelinge van die gemeente wat die goeie nuus van die evangelie verkondig. Hulle is die ‘mediese korps’ wat hulp verleen aan die geestelike verwondes.
- Herders (Pastore) is verantwoordelik vir die versorging van die gemeente (Grieks: *ekklesia*; Aramees: *adat*; Hebreeus: *kahal* / *kehilat*), naamlik van die wat uitgeroep en afgesonder is deur יהוה en op gereelde basis bymekaar kom en saam as eenheid funksioneer. Hulle ontvang die nuwelinge wat deur die evangeliste na die gemeente gebring word. Herders, met hulle eggenote, is die geestelike ouers van die gemeente wat elkeen ‘opvoed’ tot geestelike volwassenheid.
- Leermeesters is verantwoordelik om nuwelinge, asook die gemeente te leer. Hy is die herder se hulp om die gemeente in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en die regte lewenswyse te kweek sodat elkeen volkome toegerus kan wees vir elke goeie daad in die diens van יהוה kan staan (2 Tim. 3:16 en 17).

Opgesom:

| Bediening | Taak |
|-------------------------|--------------------------------------|
| Afgevaardigde (Apostel) | Leierskap; Rigting; Orde, Dissipline |
| Profeet | Ondersteunend, waarsku; tugtig. |
| Boodskapper (Evangelis) | ‘Wurf’ nuwe volgelingen; sendeling |
| Herder | Geestelike ouers; versorging |
| Leermeesters | Onderrig in Torah |

Die Skrifte van die nuwe verbond, veral Handelingen, is die bewys dat die apostels as eenheid (eendragtig) in die evangeliebediening van Yeshua gefunksioneer het. Die wyse wat hulle

georganiseer was en gefunksioneer het, was die mees effektiewe wyse om Yeshua se opdrag in Matt. 28:19-20 suksesvol uit te voer, naamlik om studentevolgelinge van alle nasies te maak en om hulle te leer om alles te onderhou wat Yeshua beveel het.


Ouderlinge en Diakens

Gedurende die eerste eeu was die hoof van 'n sinagoge meestal 'n Rabbi. So het dit dan gebeur dat so 'n hoof van 'n sinagoge saam met die gemeente tot vertroue in Yeshua dié Gesalfde Een gekom het.

En Crispus, die hoof van die sinagoge (bymeekaarkomplek), het met sy hele huisgesin in ons Meester geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop. Hand. 18:8.

In dorpe waar dit nie gebeur het nie, het die apostels dan 'n gemeente gestig ('geplant') onder die beheer en toesig van 'n raad van ouderlinge. Die Hebreeus vir ouderling is *zakan* en die letterlike betekenis van die woord is: *bebaarde man*. 'n *Zakan* se funksie was veelvoudig, maar sy fokus was om die gemeente na die beste van sy vermoë geestelik en fisies te versorg en om toe te sien dat die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees ordelik sal funksioneer (1 Kor. 14:40). Vir die doel is hy bygestaan deur diakens. Ouderlinge het dus ook die rol vervul van regters (*shoftim*) en diakens ook die rol van opsigtors (*shotrim*).

Die Torahregering en wyse van funksionering van die priesterorde van Malki-Tzedek en van die gemeentes van die nuwe verbond kan skematies soos volg verduidelik word.



*Ouderlinge en diakens moet gesien word as die leiers en organiseerders, maar funksioneer ook as deel van die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees. Dit is nie 'n geval van die gemeente wat aan die ouderlinge en diakens moet verantwoord nie. Die gemeente (liggaam) bestaan uit baie lede en almal moet in eenheid saam funksioneer. Nie een is belangriker as die ander nie en almal moet mekaar voorgaan in eer betoning (Rom. 12:10). Almal is lewende stene en bou saam aan die huis van יהוה tot stigting van almal.

Bepeins of Bespreek

1. In die lig van יהוה se regeringstruktuur volgens die nuwe verbond kan tereg die vraag gevra word: Kan daar hoegenaamd nog enige twyfel wees dat die Torah van Mosheh verander het en dat dit vervang is met die Torah van Yeshua van die nuwe verbond? Beide is die Torah van יהוה, maar die toepassing van die Torah van Mosheh het verander! Het die gemeente van Handeling, en al die gemeentes wat deur die afgevaardigdes geplant was, gefunksioneer volgens die Torahregering van Mosheh of die Torahregering van die nuwe verbond?
2. Is die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees deel van die gemeentes van die Messiaanse Beweging? Hoekom is daar so min lering hieroor vanuit hulle geleedere?
3. Deur vertrouwe in Yeshua as die Gesalfde Een, is ons die nageslag van Abraham en deel van die ware Yisra'el. As Yisra'el (verenig en eensgesind) kan ons net een Koning en een Hoofpriester hê en kan daar net een priesterdom wees! Maar Rabbynse Judaïsme erken nie Yeshua as Koning en Hoofpriester nie! Dit beteken dat indien die derde tempel gebou word, gaan daar twee hoofpriesters en twee priesterdomme wees! Aan watter hoofpriester gaan jy onderdanig wees?
4. Ten opsigte van die laaste 40 jaar (ongeveer vanaf die begin van Yeshua se bediening) tot die vernietiging van die tempel is die volgende in die Babiloniese Talmud geskrywe: *"Our Rabbis taught: during the last forty years before the destruction of the Temple, the lot for the Lord (on Yom Kippur) did not come up in the right hand; nor did the crimson-colored strap become white (on the neck of the scapegoat); nor did the western-most light shine; and the doors of the Hekal (Temple) would open by themselves."* [Babylonian Talmud, Yoma, 39b]. Hierdie is tog duidelike bevestiging dat Yeshua die begin is van die priesterorde volgens Malki-Tzedek en dat Yeshua die Versoening ('Yom Kippur') is.

Deut. 18:15 tot 22 – Ware en Vals Profete

Ons leef in tye waar ons moet onderskei tussen die ware profete van God en die vals profete. Daarom het Yeshua ons gewaarsku:

15 Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe.

16 Julle sal hulle aan hulle vrugte uitken. Pluk 'n mens druie van 'n doringbos of vye van distels?

Yeshua Die Ware Profet

Reeds in Deut. 18:18-19 het Mosheh aangaande Yeshua, God se ewige profet, getuig toe hy geprofeteer het wat God gesê het:

18 Ek sal vir hulle 'n profet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel.

19 Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie,

Soos Yisra'el die onderrig en instruksies van יהוה deur Mosheh moes hoor (*sh'ma*), bewaar (*sh'mar*) en dit doen (*asah*), so sal elke mens moet luister en doen volgens die woorde wat Yeshua in die Naam van יהוה sal spreek.

Die profete van ouds het na Yisra'el gegaan met 'n boodskap om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid en om te getuig van die belofte van dié Gesalfde Een wat sou kom. So het Yeshua as die vervulling van hierdie belofte gekom om die wet en die profete tot volledigheid te bring (Matt. 5:17-18). As profeet het Yeshua ook gekom om Torah te 'herstel' tot die regmatige plek en doel waarvoor יהוה dit onder die nuwe verbond bestem het. Yeshua het, soos Mosheh, al die woorde gespreek wat יהוה Hom beveel het (Deut. 18:18; Joh. 5:30; Joh. 14:24). Die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou (Rom. 10:4).

Die wat nie luister na die woorde van Yeshua nie, van hom sal יהוה self rekenskap afeis (Deut. 18:19). Daarom het Yeshua ook gesê: *Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag* (Joh. 12:48).

Die Vals Profeet (Deut. 18:20 tot 22)

maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. Deut. 18:20.

Volgens Deut. 18:20 is 'n vals profeet enige iemand wat woorde spreek wat nie volgens Torah, naamlik יהוה se onderrig en instruksies, is nie. Tweedens onderskei ons 'n vals profeet op grond van woorde wat hy in die Naam van יהוה spreek en wat nie waar word nie (Deut. 18:21 en 22).

Hierdie sluit aan by verlede week se Torahskriflesing (Parashah 47) waar ons ook onderrig en instruksies ontvang het oor hoe om 'n vals profeet te onderskei en hoe om teen vals profete op te tree (Deut. 13:1 tot 5). Ons het geleer dat valse profete mislei (lok) mense weg van יהוה se onderrig en instruksies (Torah) en om dus 'n ander god as יהוה te dien. Al vind daar tekens en wonders plaas, maar die een wat hom as profeet voordoen, verkondig iets anders as wat in Torah geskryf staan, dan is dit 'n vals profeet wat moet sterwe.

Wanneer 'n vals profeet se bediening met tekens en wonders gepaardgaan, is die misleiding soveel groter, want mense is geneig om dit as bevestiging van die waarheid te beskou! Daarom gee Mosheh opdrag om die vals profete dood te maak.

Die Skriftuurlike definisie van misleiding is dit wat jou laat wegdraai van יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Dit wat bygevoeg of weggenem word van Torah, terwyl steeds geglo word dat יהוה in gees en waarheid gedien word, is misleiding.

Onthou: Torah is die Karakter en Outoriteit van יהוה, en om dus tot Torah toe te voeg, of weg te neem, is om aan die Karakter en Outoriteit van יהוה te verander. Op hierdie wyse word 'n afgod geskep wat slegs sommige van יהוה se Karakter en Outoriteit bevat. Die mens het dan sy eie god geskep wat gedien word op wyses en plekke soos deur die mens bepaal word. Om dan te glo dat hierdie afgod wel יהוה die Almagtige is, is Satan se meesterstuk van van misleiding.

Yeshua dié Gesalfde Een is 'n ware profeet, want Sy woorde was die van יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Die woorde en dade van Yeshua, en wat gepaard gegaan het met tekens en wonders, was 'n getuigenis en bevestiging van Torah, naamlik van die Karakter en die Outoriteit van יהוה. Yeshua is יהוה se maatstaf van 'n ware profeet en die wat nie hieraan voldoen nie is vals profete!

Bepeins of Bespreek:

1. Vervul die 'Jesus' wat die Christendom verkondig die profetiese woorde van Mosheh in Deut. 18:15-19? Sal die profeet soos Mosheh die shabbatgebod verbreek en wegdoen met die wet (die Torah)? Het Mosheh nie gesê dat hierdie profeet, net soos hy, slegs die woorde van יהוה sal spreek nie? Sal die woorde van יהוה aan Mosheh by Sinai en die woorde aan Yeshua teenstrydig wees?
2. Torah leer ons hoe om hedendaagse valse profete te onderskei, maar ook hoe om die Vals Profeet en Antimessias van Openbaring te onderskei. Beide sal aan hulle vrugte geken word. Wat sal hierdie vrugte wees?
3. Vergelyk Shim'on die towenaar (Hand. 8:9 tot 24) met sommige hedendaagse geestelike leiers. Selfs nadat Shim'on gelowig geword het (Hand. 8:13) het hy nie 'n hartsverandering (besnydenis van die hart) ondergaan nie. Was dit geld en mag wat hom gedryf het? Is dit nie wat steeds vandag die geval is nie?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.